Strategie No 2. *3 Desember 2013.*

Opgestel onder leiding van Die HEILIGE GEES.

Wilanda (skuilnaam), jy het waaragtig deur baie dinge, swaarkry ens gekom, satan het jou daarvan weerhou om in SY Vrede in te gaan, jou drukgang was baie lank, maar nou is jy besig om deur die hek te beweeg. Onthou, satan sal hewig veg, maar hy is besig om grond te verloor. In die proses het jy egter self ook baie grondgebied verloor en die moet jy nou terug eis in JESUS Naam. Doen dit so: (Onthou!!! Ek gebruik altyd klein letters as ek satan of sy demone se name neerskryf)

satan, ek kom in Die Oorwinnende Naam van Die ALLLERHOOGSTE GOD, Die Enigste GOD, se SEUN, JESUS CHRISTUS. My sonde is bely en laat staan en jy kan GEEN beskuldigings teen my inbring nie en in elk geval,

Daar is geskrywe.

Rom 8:1 Daar is dan nou GEEN veroordeling vir die wat in Christus Jesus is nie, vir die wat nie na die vlees wandel nie, maar na die Gees.

Rom 8:2 Want die wet van die Gees van die lewe in Christus Jesus het my vrygemaak van die wet van die sonde en die dood.

Nou eis ek al die grondgebied terug wat jy en jou belhamels van my gesteel het. JESUS het my van jou geleer in: Joh 10:10 :

Die dief kom net om te steel en te slag en te verwoes. EK het gekom, dat hulle lewe en oorvloed kan hê.

Joh 10:11 Ek is die goeie herder. Die goeie herder lê sy lewe af vir die skape.

jy is die dief en jy het my gebied gesteel, verlaat daardie gebied nou en ek neem my regmatige plek in, in JESUS Naam. Amen en Amen!!! satan jy het demone na my gestuur, toe ek swak in die Geloof was, toe ek nog nie GOD se Woord geken het nie, wat my mislei en verlei het en julle het my werk, my blyplek en my finansies en amper my selfrespek gesteel dat ek soos 'n bedelaar gevoel het. Dis nou verby, julle is oortreders in my huis, en my liggaam is nou die tempel van die HEILIGE GEES en ek laat van nou af geen demone in GOD se tempel toe nie. Dit help jou nie dat jy probeer om nikotien verslawing en die onttrekkings-demoon na my te stuur nie. Ek is van agter en van voor ingesluit en beskerm, WANT....

Daar is geskrywe.

Psa 139:5 U sluit my in van agter en van voor, en U lê u hand op my.

satan, jy het ook my vrede probeer steel, maar dis ook nou verby, want ek weet nou hoe om jou tee te staan, ek weet hoe om jou te beveg, Die Woord

slaan jou plat, ek is verlos deur die bloed van Die Lam en luister wat leer Die Woord my : Rev 12:11 En hulle het hom oorwin deur die bloed van die Lam en deur die woord van hulle getuienis, en hulle het tot die dood toe hulle lewe nie liefgehad nie.

Jy kan my vrede glad nie meer steel nie, al probeer jy hoe hard ookal.

Hoe weet ek dit???WANT....

Daar is geskrywe

Eph 2:13 Maar nou in Christus Jesus het julle wat vroeër ver was, naby gekom deur die bloed van Christus.
Eph 2:14 Want Hy is ons vrede, Hy wat albei een gemaak en die middelmuur van skeiding afgebreek het
Eph 2:15 deurdat Hy in sy vlees die vyandskap tot niet gemaak het, naamlik die wet van gebooie wat in insettinge bestaan; sodat Hy, deur vrede te maak,
die twee in Homself tot een nuwe mens kon skep
Eph 2:16 en albei in een liggaam met God kon versoen deur die kruis, nadat Hy daaraan die vyandskap doodgemaak het.
Eph 2:17 En Hy het die evangelie van vrede kom verkondig aan julle wat ver was en aan die wat naby was;
Eph 2:18 want deur Hom het ons albei die toegang deur een Gees tot die Vader.
Eph 2:19 So is julle dan nie meer vreemdelinge en bywoners nie, maar medeburgers van die heiliges en huisgenote van God,
Eph 2:20 gebou op die fondament van die apostels en profete, terwyl Jesus Christus self die hoeksteen is,
Eph 2:21 in wie die hele gebou, goed saamgevoeg, verrys tot 'n heilige tempel in die Here,
Eph 2:22 in wie julle ook saam opgebou word tot 'n woning van God in die Gees.

satan, jy sal alles probeer om my weer op nikotien terug te kry maar ek is VRY daarvan, onttrekking of nie, VRY satan, WANT....

Daar is geskrywe.

Joh 8:36 As die Seun julle dan vrygemaak het, sal julle waarlik vry wees.

Jy dink ek sal ingee as jy meer en meer druk op my plaas om my bekommerd te maak oor waar ek gaan bly, wat ek gaan eet, waar ek gaan werk, maar ek het nuus vir jou, WANT....

Daar is geskrywe.

Php 4:6 Wees oor niks besorg nie, maar laat julle begeertes in alles deur gebed en smeking met danksegging bekend word by God. (Let your requests be made known to God; not to men; fly not to an arm of flesh, but to God, to

him only, and that in the most private manner, as not to be known by men; and put up such requests, as there may be reason to hope and believe God will "know" and approve of; such as are agreeable to his will, to the covenant of his grace, and the declaration of his word: use familiarity with God, tell him as you would do a friend, freely and fully, all your case, pour out your souls and your complaints before him. This God would have his people do, and he expects it from them; and though he knows all their wants, and what are their desires before they express them, yet he will seem not to know them, or take any notice of them, until they open them to him in some way or other; either by vocal prayer, or mental; by ejaculations, or sighs and groans, by chattering as a crane or a swallow, all which he understands: and be the case made known in what way or manner whatsoever, with ever so much weakness, so be it, it is made known, it is enough, it shall be regarded and not despised.)

HY, Die HERE, sal in alles vir my voorsien, hoor hier satan, hoor my verklaring, WANT....

Daar is geskrywe.

Php 4:19 En my God sal elke behoefte van julle vervul na sy rykdom in heerlikheid deur Christus Jesus.

Php 4:20 Aan onse God en Vader die heerlikheid tot in alle ewigheid! Amen.

O, satan ek kan sien jy sidder, en geen wonder nie, my verklarings van GOD se Woord, wat jy baie goed ken laat jou sidder, WANT....

Daar is geskrywe.

Jakobus 2:19 Jy glo dat God één is. Jy doen goed; die duiwels glo dit ook, en hulle sidder.

Nou weerstaan ek jou aanvalle, ek bind jou werke, In JESUS se Naam, en jy sal van my wegvlug, WANT....

Daar is geskrywe.

Jak 4:7 Onderwerp julle dan aan God; weerstaan die duiwel, en hy sal van julle wegvlug.

Mat 18:18 Voorwaar Ek sê vir julle, alles wat julle op die aarde bind, sal in die hemel gebonde wees; en alles wat julle op die aarde ontbind, sal in die hemel ontbonde wees.

Ek beveel jou nou In JESUS Naam, verlaat my liggaam, my woonplek, my emosies. Amen en Amen!!!